NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
17 SEPTEMBER 2026
JAARGANG 19 – UITGAWE 36

# Blitspos

## Samewerking ter wille van ons kleinkinders

Toe ek onlangs oupa geword het, het my perspektief op die toekoms verander. Ek kyk nou heelwat verder vooruit, want as die Here hom spaar, sal ons kleinseun eendag oud word. Juis daarom wonder ek, soos baie ander oupas en oumas, waar ons kleinkinders as volwassenes 'n kerklike tuiste sal vind.

Teen die huidige tempo van agteruitgang in Afrikaanssprekende kerke is dit nie vanselfsprekend dat daar 'n geloofsgemeenskap sal wees waarby hulle kan inskakel nie, veral indien hulle hul op die platteland vestig. Daarom moet ons met mekaar oor hierdie saak praat. Ons, die grootouers van vandag, het ter wille van toekomstige geslagte 'n rol te speel om te verseker dat kerke voortbestaan en gedy.

Ons eie grootouers het destyds dieselfde vraag oor ons gevra. Hulle antwoord was om die voetspoor van die Kerk uit te brei deur meer gemeentes te stig. In hulle tyd was dit 'n gepaste antwoord; daarom is daar oral in Suid-Afrika gemeentes van die NHKA. Die konteks het egter intussen verander. Anders as in hulle tyd, het die kerk gekrimp, met die gevolg dat heelwat van daardie gemeentes vandag 'n sukkelbestaan voer. Ons het dus 'n nuwe antwoord nodig.

Hoewel dit nie die enigste antwoord is nie, het die Algemene Kerkvergadering (AKV) die afgelope dekade 'n nuwe rigting aangedui: streef na sinergie, werk saam, smelt saam en ontbind selfs, indien nodig. Hoe vreemd dit ook al mag klink, kan hierdie benadering juis die voetspoor van die Here se kerk, en daarmee saam die bediening aan ons kleinkinders, help verseker.

Laat my toe om dit te verduidelik. Gemeentes bestee geweldig baie tyd en energie aan instandhouding, betaling van munisipale rekeninge, grassny, administrasie en geboue wat onderhou moet word.

Dit alles kom egter teen 'n prys. Namate ons minder en ouer word, moet ons al hoe harder werk om dit alles in stand te hou en kan ons al hoe minder energie aan bediening bestee. Uiteindelik word 'n kantelpunt bereik, waarna agteruitgang volg. Sommige gemeentes is so besig om kop bo water te probeer hou dat pastorale versorging, gemeenskapsbetrokkenheid en jeugbediening nie meer die nodige aandag kry nie. Die kapasiteit daarvoor ontbreek. Daar is selfs gemeentes met pragtige geboue, maar sonder 'n erediens elke Sondag.

Dit is 'n fout, want bediening – en nie die fasiliteite waarvoor ons so lief is en waaraan ons so hard werk nie – sal die voetspoor van die Kerk verseker. Stel u voor dat ons, danksy samewerking, selfs net die helfte van die tyd, geld en mannekrag wat tans aan instandhouding bestee word, aan bediening kan wy. Dan kan veel meer saad deur Woordverkondiging, pastoraat, getuienis, jeugwerk en diens gesaai word. As dit sy wil is, sal God dit laat groei. Wie weet watter vrugte ons kleinkinders dan sal pluk?

Ter wille van ons kleinkinders, sal ons dus minder moet vasklou aan mý eredienstyd, mý kerkplek en mý gemeente se styl. Hierdie ingesteldheid belemmer samewerking en verklein die kans dat ons kleinkinders later by 'n geloofsgemeenskap sal kan inskakel. Die Kommissie van die AKV loop hom dikwels teen hierdie struikelblokke vas.

Daar is natuurlik nóg redes waarom dit uiters belangrik is dat ons indringend oor samewerking praat. Een daarvan is die tekort aan predikante, wat veral in plattelandse gemeentes ervaar word. Hierdie tekort sal waarskynlik verder toeneem. Dit is egter 'n onderwerp vir 'n ander geleentheid.

Wanneer ons as grootouers die leiding van die AKV aanvaar en 'n groter bereidwilligheid tot samewerking toon, kan die deure van sommige geboue moontlik sluit. Dit kan egter nuwe geleenthede skep en help om bediening vir ons kleinkinders te verseker. In sommige gevalle is al wat nodig is dat ons verby onsself en ons eie tyd kyk. Watter oupa of ouma sal nie alles ter wille van hulle kleinkinders opoffer nie?

**Ds Colin Hertzog**
(Middelburg-Noord/
Lid van die Kommissie van die AKV)

VINNIGE NUUS
LIEF EN LEED
VERJAARSDAE
VERGADERINGS
GEMEENTES EN BEDIENING
WERKGELEENTHEDE
KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES
KOM KYK EN LUISTER SAAM
LIED VAN DIE WEEK
'N GEDAGTE
FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE
SP ENGELBRECHT-MUSEUM
TOERUSTING
BARMHARTIGHEID
GEBED VIR DIE WEEK

“Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief *hier* vir meer inligting en voorwaardes.”

“Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings wat deur skrywers uitgespreek word, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.”

www.nhka.org
Stuur nuus, berigte en kort kommentaar na: **taal@nhk.co.za**
Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos aan: **bladuitleg@nhk.co.za / grafies@nhk.co.za**

## LIEF EN LEED

Die Kerk het met leedwese verneem van die **afsterwe van ds Gert (GJW) van der Merwe** (78) op Maandag 14 September. Geen begrafnisreëlings is al bekendgemaak nie. Ons innige simpatie gaan aan mev Delana van der Merwe en hul familie.

## VERJAARSDAE

Die volgende predikante verjaar tot **24 September**. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.

Vrydag 18 September

**Ds W (Wilma) Lötter-Matthee**
Beroep-afwagtend

Saterdag 19 September

**Ds AJ (Attie) Hattingh**
Krugersdorp-Noord

Saterdag 19 September

**Ds AJ (Kobus) Pienaar**
Kruin

Dinsdag 22 September

**Ds ZC (Zet) Robberts**
Emeritus/Villiers

Dinsdag 22 September

**Ds E (Errol) Sheppard**
Emeritus/Rietspruit

Woensdag 23 September

**Dr GJ (Gert) Malan**
Emeritus/Mosselbaai

Woensdag 23 September

**Ds DW (Wouter) Beukes**
Emeritus

Donderdag 24 September

**Dr JM (Thinus) van Staden**
Montana

## VERGADERINGS

Vrydag 18 September
**Beleggingskomitee**

Saterdag 19 September
**NHSV-Hoofbestuur**

## GEMEENTES EN BEDIENING

**Gemeente Outeniqua** vier van 18 tot 20 September haar **50ste bestaansjaar** met 'n propvol program. Ons wil graag die oudlidmate nooi om die geleentheid saam met ons te vier.

| | |
|---|---|
| Vrydagaand 18 Sept: | Bring-en-eet storieaand onder die tente |
| Saterdag 19 Sept: | Boere-ete en onthulling van die tydkapsule ter viering van die 50ste bestaansjaar |
| Sondag 20 Sept: | Feesdiens |

Kontak **ds Pierre Jacobs** by 082 414 4325.

Die **Kommissie van die AKV** het tydens hul gewone vergadering gehou op 3 en 4 September 2026 die volgende besluite geneem wat moontlik vir u van belang mag wees:

Die Kommissie stem in dat **ds R Botha** (Lydenburg) op 31 Oktober 2026 met **vervroegde emeritaat** gaan.

- Die Kommissie aanvaar die **samesmelting van Gemeentes Cradock en Sionshoogte** op 1 Maart 2026. Die gemeente sal voortaan as **Gemeente Oos-Kaap** bekendstaan.
- Die Kommissie ondersteun die voorstel van die **Komitee vir Bybelverspreiding** dat twee derdes van die jaarlikse insameling vir Bybelverspreiding in die toekoms aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) oorbetaal word, en dat een derde van die bedrag vir plaaslike Bybelverspreiding deur die gemeentes en ringe gebruik sal word. 'n Omsendskrywe waarin hierdie voorstel verduidelik word, sal aan al die gemeentes van die Kerk gestuur word. Daarin sal verduidelik word dat gemeentes enersyds steeds die BSA moet ondersteun, maar andersyds self daadwerklik Bybelverspreiding sal doen (sien Omsendskrywe 32 van 2026).
- Die **twee foute** in die **Kerkorde** word in die elektroniese weergawe van die Kerkorde reggestel, en gemeentes en predikante word per omsendbrief in kennis gestel dat hulle die korreksies in hulle weergawe van die Kerkorde moet aanbring (sien Omsendskrywe 33 van 2026).

**Ds JJC (Johan) Koekemoer** (emeritus) het 'n **beroep** na Gemeente Marble Hall (deeltyds) ontvang

**Dr FJ (Frikkie) Labuschagne** (sinodaal/Olifantsfontein) het die **beroep** na Gemeente Rust der Winter (deeltyds) ontvang en dit aanvaar. Hy word op 20 September in die gemeente bevestig.

**Dr AG (André) Ungerer** (emeritus/Pretoria-Oos) het die **beroep** na Gemeente Wesmoot (deeltyds) aanvaar. Hy word op 3 Januarie 2027 in die gemeente bevestig.

VENTERSKROON KAMPTERREIN

**Julle volgende kamp begin hier!**

Venterskroon is die ideale plek vir julle volgende gemeente-, jeug-, skool- of familiekamp. Die kampterrein is geleë in die hartjie van die Vredefortkoepel, tussen Potchefstroom en Parys.

Beplan julle volgende kamp by Venterskroon! Besoek gerus ons webblad, www.venterskroonkampterrein.com, vir meer inligting, of skakel 082 551 1846 om julle kamp te bespreek.

## WERKGELEENTHEDE

**Bedieningsruimte: Gemeente Panorama,** wat uit die gemeentes Witrivier, Sabie en Hazyview saamgesmelt het, nooi aansoeke van gelegitimeerde en geëmeriteerde predikante van die NHKA om **'n deeltydse bedieningsruimte** te vul.

Kontak **ds Willem Breytenbach** by 083 701 9852 of **Jurie Snyman** by 013 750 1070 vir meer inligting. Aansoeke, vergesel van 'n volledige CV, moet per e-pos aan ds Breytenbach by **willem.breytenbach@outlook.com** gestuur word.

**Die sluitingsdatum** vir aansoeke is **30 September 2026**. Klik gerus ***hier*** vir die **volledige beskrywing** van die pos.

**Rekenmeester: Grootboeke**

Die **Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)** nooi geskikte en dinamiese kandidate uit om aansoek te doen vir die pos van **Rekenmeester: Grootboeke**.

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die bestuur en beheer van die NHKA se finansiële transaksies en rekonsiliasies rakende grootboeke, kontrolerekeninge, beleggings, trustrekeninge, asook finansiële verslagdoening. Die rol vereis 'n persoon met sterk tegniese rekeningkundige kennis, uitstekende aandag aan detail en die vermoë om finansiële prosesse voortdurend te verbeter.

**Die sluitingsdatum** vir aansoeke is **1 Oktober 2026**. Klik gerus ***hier*** vir die **volledige beskrywing** van die pos.

**Orrelis: Gemeente Potchefstroom**

Die gemeente het 'n vakature vir 'n voltydse orrelis om begeleiding tydens eredienste en spesiale eredienste, soos Kers- en Paassangdienste, te doen. Deel van sy/haar pligte sluit ook die voorbereiding en uitvoering van gepaste voor- en naspele, asook ander gepaste liturgiese musiek tydens eredienste in. Samewerking met ander musikante sal nodig wees, byvoorbeeld tydens spesiale eredienste.

**Die sluitingsdatum** vir aansoeke is **1 Oktober 2026**. Klik gerus ***hier*** vir die **volledige beskrywing** van die pos.

## KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES

**Die Kerkkalender vir 2027** wat deur die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei is, is ***hier*** op die Kerk se webblad beskikbaar.

Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte of elektroniese formaat onder hul lidmate versprei. U kan ook die kerklike feesdae ***hier*** aflaai.

**Koop 'n Bybel vir iemand wat dit vandag nodig het.**

Met Bybels in tien Suid-Afrikaanse tale kan meer mense God se Woord in hul eie taal lees en 'n Bybel van hul eie besit.

LIBHAYIBHELI LELINGCWELE
SISWATI
bible society

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** vir navrae oor pryse en voorraad.

**Hierdie bundel bring al die Gedagtes vir die Dag saam – daaglikse oordenkings wat ontstaan het uit die NHKA Bybelse Dagboek.**

Of jy dit daagliks lees, of af en toe daarin blaai – mag hierdie versameling vir jou 'n metgesel wees op jou geestelike reis.

'N WOORD
VIR ELKE DAG

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** vir navrae oor pryse en voorraad.

## KOM KYK EN LUISTER SAAM

kyk *hier*

Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op Donderdae in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat die dagstukkie daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.

BYBELSE
DAGBOEK
2026



kyk *hier*

Ons weeklikse **Blitsflits** word aangebied deur **Albert Matthysen**. Klik ***hier*** vir die weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

## LIED VAN DIE WEEK

luister *hier*

**VONKK 500 – Die aarde word opnuut geklee**

Die aarde word opnuut geklee
in groen van nuwe lewe;
versier met spatsels blommekleur
die velde en valleie,
Die helder son bring als tot blom,
verkondig aan die skepping
dat alles saam kan lofsing.

Die voëltjies sing bedags hul lied,
vertel aan al wat luister,
en snags verkondig ster en maan
u grootheid in die duister.
Die lied verklank hul lof en dank
vir oorvloed en vir lewe –
hul prys U, God verhewe.

Dis U, o God, wat als versier,
wat seën deur al u dade.
Maak my erkentlik van u sorg,
u liefde en gebede.
As blomme taan, als hier vergaan,
dan bly u trou standvastig,
dan bly u liefde ewig.

As soveel blydskap in my leef
oor elke somer-vreugde,
hoeveel die blydskap in my hart
wat wag daar in die hemel,
as daar by U, totaal vernu,
ons vreugde daar kan uitjuig
en voor u troon kan neerbuig.

### 'n Lied vir die aanbreek van die somer

Hierdie Sweedse lied, ook bekend as die Somerpsalm, is baie gewild in Skandinawiese lande. In die oorspronklike lied word die draai van die seisoene besing wat 'n mens moet laat besef dat ons as mense tydelik is. Dit is net die Woord van God wat vir ewig bly staan.

**Die oorspronklike teks uit 1889**
Carl David Wirsén (1842–1912) is geïnspireer om 'n somerlied te skryf wat gebaseer is op 'n Bybellesing vir die middel van die somer. Hy was 'n letterkundedosent aan die Universiteit van Uppsala en 'n professor in estetika. In 1878 het hy die Koning Karel XIV-prys vir letterkundige verdienste ontvang. Die volgende jaar het hy lid van die Sweedse Akademie geword, en in 1884 die permanente sekretaris daarvan geword.

Die Afrikaanse lirieke is deur Hannes van der Merwe geskryf en handel minder oor die somer as oor die deurbreek van nuwe lewe in die lente. Tog is die skoonheid en nuwe lewe tydelik en bly ons as mense steeds van God afhanklik.

**Die komponis**
Die komponis van die melodie wat uit 1933 dateer, is Waldemar Åhlén (1894–1982). Hierdie lied is sy bekendste werk, en vorm deel van die standaardrepertorium vir kore en gemeentes. Åhlén het vir baie jare as orrelis by die St Jakobskerk in Stockholm gedien.

Die gewildheid van die lied is bevestig toe kroonprinses Victoria van Swede dit vir haar huwelik met Daniel Westling in 2010 gekies het.

**Liturgiese gebruik**
Die lied is veral geskik vir die lente- en somertyd wanneer mense die vreugde van nuwe lewe oral om hulle sien. In die VONKK-korpus is die rubriek: Verwondering / Skepping en Onderhouding / Hoop en Voleinding.

Luister ***hier*** na die Sweedse weergawe. Klik ***hier*** vir die Afrikaanse weergawe. Begeleidingsnit, bladmusiek en PowerPoint vir gemeentes wat ingeteken is op VONKK is ***hier*** beskikbaar.

**Ds Hannes van der Merwe**
(Pretoria-Oos)

## GEDAGTE

**Potskerwe**

Sal ons, soos wat
'n argeoloog grou tussen grond en gruis
op die ruïneheuwel van 'n ou stad
op soek na afdrukke van die verlede,
na objekte wat die storie vertel
van mense se lewe in vergange tye;
wat dan kunstig en met sorg
keramiekskerwe rekonstrueer
totdat iets gebroke weer sierlik
kan pronk iewers in 'n museum
vir ander om te aanskou
en te bewonder...

Sal ons ook só
in die ruïne van ons twee se lewe
rondkrap en die skerwe optel
en kyk waar dit gebreek het –
en sou ons dit weer kon
saamgom en met sorg herstel
tot die glans van vergange tye?
Of sal ons dit net kan uitstal
as iets nog half gebroke
in die museum van die lewe,
vir ander om te aanskou
en te wonder...

Prof JH Barkhuizen

## FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE

*vertel* ons

Vertel ons asseblief van **geleenthede** by jul gemeentes. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

**18 SEP**
**GEMEENTE PHALABORWA: MANNE VAN DIE WOORD**
Kom geniet 'n gesellige aand saam met ons en slaap oor op 'n boot. Ons gaan kuier, braai en saamgesels oor God se Woord.
R350 wat aandete en 'n ligte ontbyt insluit. Bring u eie limonade.
Kambaku River Safari's
079 307 6892 (Mornay)

**30 SEP**
**SLUIT**
**GEMEENTE DULLSTROOM**
Koop 'n lootjie en staan 'n kans om een van drie vakansies te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur 'n inbetaling in die gemeente se bankrekening te doen.
**Bankbesonderhede:** FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing.
Bewys van betaling aan 082 839 5669 (Hannetjie) om u kaartjienommer te ontvang.

**9 OKT**
**GEMEENTE SELCOURT: GHOLFDAG**
Gholfkarretjies en heerlike middagete is ingesluit.
R2 850 per vierbal
R1 000 borggeld per bof
Pollakpark Gholfklub
072 260 1415 (ds Dalene)

**10 OKT**
**SLUIT**
**GEMEENTE OOS-MOOT**
Wen 'n vakansie vir ses persone (vier volwassenes en twee kinders onder 12 jaar) in 'n selfsorgeenheid by Dikhololo in die Brits-distrik van 7 tot 11 Desember 2026. Die trekking vind tydens Gemeente Oos-Moot se Magaliesfees op 10 Oktober 2026 plaas.
Kaartjies kos R100 per inskrywing.
E-pos **kompetisie.nhk.oosmoot@gmail.com** vir meer besonderhede.

**17 OKT**
**SEESTERGEMEENTE BRACKENHURST: KLIPWERF ORKES**
Kom koop heerlike boereworsrolle en geniet die aand saam met ons en die Klipwerf Orkes.
R150 per persoon of R1 500 per tafel
Alberante Autobody, Voortrekkerstraat Repair Centre
011 868 3625 (Kerk) of 082 449 2274

**24 OKT**
**GEMEENTE KEMPTON PARK-OOS: BIKES & BEETLES-BASAAR**
Kom deel, verkoop en geniet 'n fantastiese dag vol pret vir die hele gesin.
082 924 7344 (ds Anneline)

**30 en 31 OKT**
**GEMEENTES KURUMAN, KATHU EN POSTMASBURG: KALAHARI-KUIER IN AFRIKAANS**
Kom luister na 'n propvol verhoogprogram met Eloff, Die Piesangskille, Zaan Sonnekus, Spoegwolf, GnT, Riaan Rust, Leon Cremer, Min-Gespin, Hennie de Bruyn en die Kitaar Kêrels, asook Kathu se plaaslike TMC Band.

Maak 'n draai by die kuiertent. Kom geniet twee dae van musiek, kuier, lekker kos en egte Afrikaanse gees onder die Kalahari-son!

Besoek **www.kkak.org.za** vir meer inligting, kaartjies, uitstal- en kosstalletjiebespreking.
Sivos Sportgronde, Kathu

## SP ENGELBRECHT-MUSEUM

SP ENGELBRECHT-
MUSEUM

Lidmate word vriendelik uitgenooi om ons kerkmuseum te kom besoek.

Kontak asseblief vir ds Johann de Bruin, careljohann@gmail.com of 082 733 3951 om u besoek te bespreek.

624 Mansfieldlaan, Eloffsdal, Pretoria
**Roete:** Ingang via Eloffstraat, hek 4
Besoek per afspraak
**Kontakpersoon:** Ds Johann de Bruin
082 733 3951
careljohann@gmail.com
SP Engelbrecht Museum
**Toegang:** R40 per persoon
Veilige parkering en rolstoelvriendelik

## TOERUSTING



**Uitnodiging deur die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA) in samewerking met die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria**

**Die ver-beelding en ver-woording van geloof**
in kuns, musiek, letterkunde en argitektuur

Deur die eeue heen het beeldende kuns, musiek, letterkunde en argitektuur 'n kragtige rol gespeel in hoe die kerk geloof verbeeld en verwoord. Kom sluit aan by hierdie insiggewende konferensie waar daar saam nagedink word oor die samehang tussen skoonheid, kuns en geloofservaring.

**Gemeente Pretoria-Oos, Delyweg, Waterkloofpark**

Kunswerk deur E Dreyer

**28-29 10 2026**

**Gassprekers**
- Prof HF (Hennie) Stander
- Prof E (Elfriede) Dreyer

**Sub-temas**
- Beeldende kuns, musiek, argitektuur, letterkunde

**RSVP met betaling**
- 12 Oktober 2026
- antoejvr@gmail.com

**Konferensiefooi: R600**
- Sluit versversings, 'n onthaal en WHT-lidmaatskap in.

**Navrae**
- Prof Wim Dreyer | wimdreyer@nhk.co.za
- Prof Johan van der Merwe | johan.vdmerwe@up.ac.za
- Dr Christo Pretorius | christo@pretoriafm.co.za
- Dr Antionette Janse van Rensburg | antoejvr@gmail.com

## BARMHARTIGHEID

klik *hier*

Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor seniorbehuising en -versorging.

## GEBED VIR DIE WEEK

God, skenk my die kalmte om te aanvaar wat ek nie kan verander nie,
die moed om te verander wat ek kan verander
en die wysheid om die verskil tussen hulle te onderskei.

Amen.

https://www.glodiebybel.co.za/gebed-om-kalmte/

| REDAKTEUR | SUBREDAKTEUR | KOÖRDINEERDER | UITLEGKUNSTENAAR | JOERNALIS |
|---|---|---|---|---|
| Ds David Barnard | Ds Mariët Robbertze | Mej Sanet du Plessis | Mnr Hugo van Niekerk | Ds Iwana Kruger |